

# DIE WAARHEID OOR WATER DOOP

Deur Mark Jenkins

Herdruk Artikel van die “Royal Vision,” Julie/Augustus 2001

Deur die Apostel Petrus, gebied Jesus Christus ware Christene “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word” (Handelinge 2:38). Daarom is dit van uiterste belang dat ons die Bybelse lering oor doop verstaan. En tog, sedert Christus daardie eenvoudige gebod die eerste keer gegee het, het mense Sy opdrag onherkenbaar verdraai. Die mens weet nie meer *hoe* om behoorlik gedoop te word nie, of selfs *wie* gedoop moet word nie. In werklikheid weet die meeste selfs nie *waarom* hulle gedoop moet word nie. Die Bybel openbaar die antwoorde op al hierdie belangrike vrae.

## Wat Is Doop?

Alvorens ons die *hoe* en *waarom* van doop kan verstaan, is dit belangrik om presies te weet *wat* doop is. Ons sal, natuurlik, na Jesus Christus se voorbeeld moet kyk. En tog, die enigste rede waarom Hy gedoop was, was om vir jou en my ‘n voorbeeld te stel.

In Mattheus 3:16, word te kenne gegee dat Christus “dadelik uit die water opgeklim” het. Hy was duidelik in die water gedompel. Die Griekse woord vir *doop*, *baptizo*, beteken om te dompel. Dit beteken nie om te sprinkel of te giet nie.

Let op die volgende uittreksel uit *Alles Omtrent Water Doop*, deur Herbert W. Armstrong: “Wanneer ‘n mens die betekenis van die geïnspireerde woorde verstaan, is dit dom om te praat oor ‘watter *vorm* of *wyse* van doop ons sal gebruik—besprinkeling, giet of dompel?’ Dit is net so belaglik as om te vra ‘watter vorm van dompeling ons sal gebruik—besprinkeling, giet of dompeling?’ Of, om te vra ‘watter vorm of wyse van ski ons sal gebruik—swem, ysskaats of ski?’ Swem en ysskaats is nie ski nie. Sprinkel en giet is nie doop nie.

Ons sien, dus, dat die doop seremonie behels dat daar in die water gedompel word, soos Jesus Christus was.

## Hoekom Doop?

Nadat die skriftuurlike *metode* van doop ondersoek is, moet ons vra waarom ons gedoop moet word.

“Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Doop lei tot die vergifnis van ons sondes. Soos hierdie vers toon, moet ons sondes vergewe word voordat ons die gawe van die Heilige Gees kan ontvang.

Die Apostel Paulus verduidelik die simboliek van die doop seremonie in Romeine 6:3-4:

“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, *in sy dood gedoop* is nie? Ons is dus *saam met Hom begrawe*

deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.” Met betrekking tot hierdie skrifgedeelte, het Mr. Armstrong geskryf, “Die afgaan in die water in, beeld die dood van Christus uit, sowel as die ou self. Begrafnis in die water beeld die begrafnis van Christus uit, sowel as die ou self. Die opkoms vanuit die water, beeld Christus se opstanding uit en ‘n geestelik opgestane persoon wat daarvandaan ‘in ‘n nuwe lewe’ wandel.” (ibid.).

Die gedoopte individu kom uit die water as ‘n nuwe persoon, wat besluit het om sy, of haar, ou, sondige lewenswyse agter te laat. Hierdie persoon het deur die doop, gereedheid getoon om God te gehoorsaam en om volgens Sy lewenswyse te leef.

## Wie Moet Gedoop Word?

Sommige het gesê dat kinders—selfs babas—gedoop moet word. Ander het selfs gesê dat ‘n persoon namens die oorledene gedoop kan word. Ons kan weet of dit so is, deur te kyk na die twee kwalifikasies vir die doop. Die eerste is *bekering* (Handelinge 2:38). Ons moet sonde waarlik verag en gereed wees om God te gehoorsaam. Die tweede kwalifikasie is *geloof* (Markus 16:6). Dit is geloof “teenoor” Jesus Christus (Handelinge 20:21). Ons begin om die geloof *van* Christus *in ons* te ontwikkel nadat ons die Heilige Gees ontvang het. Dit vind plaas onmiddellik na die doop, in ‘n aparte seremonie, bekend as die *handoplegging*.

‘n Kind kan onmoontlik verstaan wat hy of sy onderneming was. ‘n Kind se verstand is eenvoudig nie gereed om die simboliek van die doop seremonie te verstaan, of om die verantwoordelikheid van hierdie besluit te dra nie. Kinders weet nie eens wat ware *bekering* en *geloof* is nie!

Die idee dat jy gedoop kan word vir ‘n oorlede persoon, ignoreer ook die vereiste gesindheid van geloof en bekering, wat nodig is vir die doop. Die doop, is vir diegene wat gereed is om die verantwoordelikheid van hul besluit te aanvaar.

Om bekering dieper te verstaan, bestel asseblief ons boekie *Bekering Teenoor God*.

## Die Doop Seremonie

Die doop seremonie self het ook sekere vereistes.

Ons moet “in die naam van Jesus Christus” gedoop word (Handelinge 2:38). Die verwys na Sy *gesag*.

Ongeag watter menslike instrument die doop behartig—gewoonlik ‘n leraar—dit is volgens die gesag van Jesus Christus, dat ons Sy Gees ontvang.

Die Skrif openbaar ook dat ons “in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees” (Mattheus 28:19) gedoop moet word. Die Griekse woord vir *in* kan beter vertaal word as *binne in*, want ons word nie binne in enige denominasie of kerk organisasie gedoop nie, maar binne in die goddelike Familie van die lewende God. Vir meer inligting oor hierdie verstommende waarheid, skyf vir ons gratis boekie “*God is ‘n Family.*” (Tans slegs in Engels beskikbaar).

### Hoe gou moet jy gedoop word?

Die enigste vraag wat oorbly is hoe lank moet mens wag voordat jy vra om gedoop te word? Mr. Armstrong beantwoord duidelik: “Sodra ‘n persoon in hul hart skuldig bevind is van hul vorige sondes en sondige lewe—sodra mens besef sy eie leefwyse was verkeerd, en siek en sat daarvoor word, hom van sy eie weë *weg-draai* en God se weë wil vind en leef; opreg bekeer het oor sy vorige

lewe van sondes; in Jesus Christus glo en aanvaar as persoonlike Verlosser, en die Een wie hy voortaan moet gehoorsaam, homself wil draai na ‘n veranderde, anders, nuwe en gelukkige lewe van geloof in Christus Jesus, en ‘n kind van God te word—dan moet daardie persoon onmiddellik gedoop word, indien moontlik—en indien nie moontlik nie, so gou as moontlik”(ibid.).

Doop is ‘n ernstige verantwoordelikheid. Dit is nodig om gegrond te wees in die leringe van God se ware Kerk voor die doop, sodat die individu waarlik die belangrikheid van hierdie besluit verstaan. Nadat hy of sy die leringe wat Jesus Christus is Sy Kerk gevestig het, deeglik bestudeer het, moet hy of sy met ‘n leraar van God beraadslaag sodat hy die persoon kan help om diep te verstaan en die koste van hierdie mees belangrike besluit kan verreken.

Indien u verdere vrae oor doop het, voel asseblief vry om aan ons Persoonlike Korrespondensie Departement te skryf by Posbus 1099, Edmond, OK 73083.